# SAAM-PRAAT-PAPIER

SONDAG 9 MAART 2014

## GOEIE NUUS OOR DIE REUSE IN JOU LEWE!

1Samuel 17:39-51

Verder het Dawid gesê: "Die Here, wat my gered het uit die kloue van die leeu en uit die kloue van die beer, Hý sal my red uit die mag van hierdie Filistyn." Toe sê Saul vir Dawid: "Gaan, en mag die Here by jou wees." .... (40) Hy het sy kierie in sy hand gevat, vyf gladde klippies in die spruit uitgesoek en dit by sy skaapwagtersgoed in sy slingersak gesit. En met sy slingervel in die hand het hy op die Filistyn af geloop. (41) Die Filistyn het al hoe nader gekom na Dawid toe, terwyl sy skilddraer voor hom was. (42) Toe hy vir Dawid sien, het die Filistyn hom met minagting aangekyk omdat hy jonk was, met 'n rooi gelaatskleur en 'n mooi voorkoms. (43) Die Filistyn het vir Dawid gesê: "Is ek 'n hond dat jy met kieries na my toe kom?" Hy het Dawid toe in die naam van die Filistynse gode vervloek. (44) Verder het die Filistyn vir Dawid gesê: "Kom 'n bietjie hier dat ek jou vleis vir die roofvoëls en vir die wilde diere kan gee." (45) Maar Dawid sê vir die Filistyn: "Jý kom na my toe met 'n dolk en 'n spies en 'n swaard, maar ék kom na jou toe in die Naam van die Here die Almagtige, die God van die linies van Israel, wat jy verkleineer het. (46) Vandag sal die Here jou in my mag oorgee sodat ek jou kan verslaan en jou kop van jou lyf afkap. Dan sal ek vandag nog die lyke van die Filistynse laer vir die roofvoëls en vir die wilde diere gee, sodat die hele wêreld kan besef dat Israel 'n God het. (47) Dan sal hierdie hele skare besef dat die Here nie deur swaard of spies verlos nie, maar dat die oorlog aan die Here behoort en dat Hy julle in ons mag oorgee." (48) Toe die Filistyn regmaak en nader kom om Dawid te ontmoet, het Dawid die Filistyn vinnig op die vegterrein tegemoet gehardloop. (49) Toe steek Dawid sy hand in die sak, vat 'n klip daaruit, gooi met die slingervel, en tref die Filistyn teen die voorkop. Die klip het in sy voorkop ingedring, en hy het vooroor geval op die grond. (50) Met die slingervel en klip was Dawid sterker as die Filistyn en het hy hom verslaan en doodgemaak. Dawid het nie eens 'n swaard by hom gehad nie! (51) Toe het Dawid gehardloop, by die Filistyn gaan staan, sy swaard gevat, dit uit die skede getrek en hom van kant gemaak: hy het sy kop daarmee afgekap. Die Filistyne het gesien dat hulle held dood is, en het gevlug.

***GOEIE NUUS OOR DIE REUSE IN ONS LEWE***

***1 ONS ALMAL HET ONS REUSE***

***2 ONS REUSE PROBEER ONS AANHOUDEND TEISTER***

***3 DIE GROOT GEHEIM VIR OORWINNING***

***4 DIT IS TYD OM JOU REUS STORM TE LOOP***

*Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet* (Rom 8:37)



*SAAM-PRAAT*

*1 Van watter "reuse" is jy bewus in mense se lewens ?*

*2 Gesels oor die geheim vir oorwinning.*

*3 Watter "reuse" in jou lewe wil jy storm loop ?*